# Om te kan toegee

**INLEIDING:** Hierdie week dink ons na oor wat dit beteken om toe te gee. Om meer oor te gee aan God. En hoe daardie oorgawe oorspoel na ons daaglikse lewens – veral binne in ons verhoudings. Hoe gee ons toe ook in ons verhoudings (met vriende, onderwysers, ouers, boy/girlfriends, ens.) en hoe lyk daardie verhoudings as ons dit ook aan die Here begin oorgee?

Hierdie week gaan ons elke dag deur **Kolossense 3:1-14** lees. Maar, soos laasweek, gaan ons dit elke dag met 'n ander "bril" lees – op iets anders fokus. Ons wil graag sien wat die teks vir ons leer oor *toegee* en veral fokus op hoe dit werk in al ons verhoudings.

**MAANDAG:** Lees vandag Kolossense 3:1-14 en fokus op die woorde, frases, idees of beelde wat vir jou persoonlik uitstaan. Onderstreep of omkring hulle in jou Bybel. Of skryf jou gedagtes daaroor neer. Vra die Here om jou fokus dieper in te stel op dit wat Hy graag vandag vir jou in hierdie teks wil wys en lees daarna weer deur die teks. Wat was hierdie keer anders, of dalk net weer vir jou bevestig?

**DINSDAG:** Wat in Kolossense 3:1-14 gee vir jou nuwe perspektief, nuwe idees oor wat dit beteken om toe te gee/oor te gee aan Jesus. Hoe sal jy vers 7-10 in jou eie woorde oorskryf? Probeer dit regkry – dit help 'n mens om bietjie anders na die teks te luister. Skryf jou idees neer.

**WOENSDAG:** Lees weer deur Kolossense 3:1-14 en dink hoe jy self vers 12-14 vir 'n 6-jarige kind verduidelik. Dink bietjie daaroor. Jy sal verbaas wees oor hoe anders jy nou na die verse kyk en hoe dit jou eie verstaan daarvan ryker maak.

**DONDERDAG:** Baie van dit wat ons in Kolossense 3:1-14 lees, help ons om te verstaan hoe ons verhoudings met ander mense sou lyk as ons ons lewens meer begin oorgee aan Jesus. As dit kom by verhoudings, hoe help dit ons as ons verhoudings meer lyk soos vers 12-14, eerder as vers 7-10?

**VRYDAG:** Lees weer Kolossense 3:1-14 mooi rustig deur. Soos jy hierdie week deur die teks gewerk het, het daar seker 'n paar van die mense in jou lewe se name opgekom met wie jy ander/beter verhoudings sou hê as daardie verhoudings meer aan die Here oorgegee was – meer ingekleur was met die eienskappe wat Paulus in Kolossense 3 beskryf. Wat wil jy hê moet verander in daardie verhoudings? Wat kan jy doen om daardie verhoudings meer te laat lyk soos dit wat jy hierdie week uit Kolossense 3 geleer het? Dalk is daar iemand met wie jy 'n bietjie 'n dieper gesprek moet hê oor julle verhouding. Gesprek is goed en dit is 'n goeie begin!

Om oor te gee, of toe te gee aan die Here is 'n geleentheid om te groei in ons geloof omdat ons leer om die Here meer te vertrou. Bid vandag oor jou verhoudings en gee dit ook oor aan die Here – stel jou vertroue in Hom.

Psalm 96:12
die veld en alles daarop moet jubel,
al die bome in die bos moet hulle verheug
voor die HERE